



Universiteit van Stellenbosch Aftredefonds

Maart 2011 Volume 17

1. Beleggingsprestasie: 2010
2. Toewysing van bydraes tot die fonds
3. Die tussenin-geslag
4. Veranderings aan reëls
5. AF Online
6. 'n Nuwe finansiële begin
7. Voordeelstate soos op 31 Desember 2010
8. Hoe om 'n vals e-pos te herken
9. Besoek van die Raad op Finansiële Dienste
10. Bestuur van die fonds
11. Die fonds se diensverskaffers
12. Belangrike kontakbesonderhede

Beplanning en spaar vir u aftrede verg persoonlike dissipline en kennis. Alhoewel u as 'n lid van die *Universiteit van Stellenbosch Aftredefonds* reeds ondersteuning in hierdie verband ontvang, bly dit 'n tweerigtingproses met die fonds waarin u vir u toekoms beplan. Hierdie jaarlikse nuusbriëf sal u inlig oor die fonds se beleggings, die bestuur van die fonds en ander nuus wat dit beïnvloed, soos veranderinge aan wetgewing. Neem die tyd om hierdie nuusbriëf te lees. U moet uself toerus met die essensiële inligting om u aftrede na 'n vlak te neem waar u gemaklik kan leef en die latere jare van u lewe geniet.

1. Beleggingsprestasie: 2010

Aan die begin van 2011 was die ekonomiese omgewing nog steeds onseker, met sommige dele van die wêreld wat besig was om te herstel, terwyl ander steeds swaargekry het. 2010 was 'n jaar van kontraste – groot dele van die ontwikkelde wêreld het gebuk gegaan onder onvolhoubare staatskuldverpligtinge, terwyl velerlei ontluikende markte fenomenale groeikoerse vertoon het.

Suid-Afrikaanse koerse en syfers

Inflasie was ver binne die teiken, teen 3.5% vir 2010. Dit het die Reserwebank voldoende rede gegee het om die repokoers tot 5.5% in November 2010 te sny. Hierdie het die primakoers tot op 9% verlaag.

Die repokoers is die koers waar-teen die Reserwebank geld aan die grootste handelsbanke leen. Die primakoers is die koers waarteen die handels-banke, op hulle beurt, geld aan hulle kliënte leen.

Werkloosheid en groei

Die arbeidsmagopname wat in kwartaal vier deur Stats SA uitgereik is, wys dat die amptelike werkloosheidskoers aan die einde van kwartaal drie 25.3% was – die hoogste koers in omtrent vyf jaar. Die meeste van die werksverliese in kwartaal drie was in die formele sektor.

Die regering is gretig om met die privaatsektor saam te werk met betrekking tot werkskepping en die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling, Ebrahim Patel, het 'n nuwe ekonomiese groeiplan (*New Growth Path*) aangekondig wat as regeringsbeleid aanvaar is.

Die Desember-inkopietydperk was beter as wat verwag is, wat aandui dat 'n kleinhandelsoplewing 'n waarskynlikheid is. Die rand vertoon steeds sterk, wat invoere ondersteun en inflasie verminder, maar Suid-Afrika se mededingendheid onder druk plaas. Wanneer die rand sterk is, betaal oorsese handelsvennote meer vir ons goedere en dienste in hulle plaaslike geldeenhede.

Markprestasie

Dit is belangrik dat aftredefondse oortuig is van hulle beleggingstrategieë sodat hulle in staat is om tydelike nadelige beleggingsomgewings te deurstaan, asook om te verseker dat hulle batetoewysings relevant is vir die demografiese kenmerke van hulle lede.


Markprestasie						
Bateklasse	K4 2010	1 jaar tot Desember 2010	2009	2008	3 jaar tot Desember 2010	5 jaar tot Desember 2010
Plaaslike aandele	9.5%	19.0%	32.1%	-23.2%	6.5%	15.2%
Plaaslike effekte	0.7%	15.0%	-1.0%	17.0%	10.0%	7.9%
Plaaslike kontant	1.6%	6.9%	9.1%	11.7%	9.2%	8.9%
Wêreldaandele	3.5%	0.9%	4.2%	-19.3%	-5.3%	3.9%
Wêreldeffekte	-6.8%	-5.5%	-18.3%	50.0%	5.0%	8.0%
Wêreldkontant	-5.1%	-10.0%	-20.2%	37.2%	-0.4%	3.2%

* *Let asseblief daarop dat die opbrengste vir die globale bateklasse van dollar in Rand omgeskakel is. Daarbenewens is die globale kontantopbrengs die Amerikaanse drie-maande skatkiswissel.*

Hoe het die Universiteit van Stellenbosch Aftredefonds presteer?

Die fonds het 'n opbrengs van 13.6% p.j. gelever oor die vyf-jaar tydperk tot 31 Desember 2010 aan lede wat in die normale gebalanseerde portefeulje belê was. Oor die een jaar tot 31 Desember 2010 het die fonds ook 'n opbrengs van 13.6% gelever.

'n Belegging van R100 in die gebalanseerde portefeulje van die fonds sou oor die afgelope drie jaar soos volg gegroei het:



Die trustees monitor die prestasie van al die beleggingsbestuurders op 'n voortgesette basis en probeer verseker dat die lang termyn beleggingsprestasie in lyn is met of selfs beter is as die onderskeie maatstawwe.

Die tabel hieronder illustreer die fonds se portefeulje opbrengste vir die tydperk tot 31 Desember 2010, tesame met 'n vergelyking van die beleggingsprestasie van ander bestuurders in Suid-Afrika. Die totale fondsopbrengste is netto van beleggingskoste. Maatstawwe is ook aangepas om rekening te hou met beleggingskoste, waar van toepassing.


	1 jr (p.j.)	3 jr (p.j.)
Plaaslike Bates		
Allan Gray	15.4%	9.5%
Coronation	23.6%	12.9%
Foord	18.2%	8.6%
Prudential	18.8%	9.7%
<i>Mediaan plaaslike bestuurder¹</i>	<i>17.8%</i>	<i>9.2%</i>
<i>Top kwartiel plaaslike bestuurder¹</i>	<i>19.6%</i>	<i>10.1%</i>
Internasionale Bates		
Allan Gray Internasionaal	-10.3%	0.2%
<i>Internasionale indeks-maatsta²</i>	<i>-0.7%</i>	<i>-2.1%</i>
Totale Fonds³	13.0%	8.3%
<i>Mediaan bestuurder (plaaslik en internasionaal)⁴</i>	<i>13.3%</i>	<i>6.0%</i>
<i>Inflasie</i>	<i>3.5%</i>	<i>6.4%</i>

Op 31 Desember 2010 het die gebalanseerde beleggings van die fonds **R1,634,054,413** beloop en is dit soos volg belê:

Allan Gray : R499,235,106
 Coronation : R396,148,285
 Foord : R227,599,681
 Prudential : R241,946,286
 Allan Gray Internasionaal: R269,125,054

Die totale bates in die twee kapitaalbeskermingsportefeuljes⁵ het op 31 Desember 2010 soos volg daar uitgesien:

IS FullVest : R 5,651,953
 IS Banker : R50,051,097



Huidige beleggingsopsies

Die meerderheid lede van die fonds word in die fonds se gebalanseerde portefeulje belê. Lede kan egter ook kies om die Individuele Beleggingsplan roete te volg, waar hulle met behulp van 'n finansiële adviseur 'n persoonlike beleggingsportefeulje kan saamstel. Laastens het lede wat ouer as 53 is die keuse om hulle fondskrediete gedeeltelik of ten volle in die kontantportefeulje te belê (die kapitaalbeskermingsopsie). Sekere kostes en voorwaardes geld indien lede bogenoemde keuses uitoefen.

Net om die geheue te verfris: in terme van die lewensfasemodel word lede outomaties en geleidelik na die kontantportefeulje geskuif in die jaar waarin hulle 63 word (sou hulle nie gekies het om in die fonds se gebalanseerde portefeulje of een van die ander beleggingsopsies wat vir hulle beskikbaar is, te bly nie). Aan die einde van die jaar waarin hierdie lede 65 word, sal ongeveer 50% van hulle fondskrediet in die gebalanseerde portefeulje en 50% in die kontantportefeulje belê wees.

¹ SA Large Manager Watch

² Die maatstaaf word bereken as 70% van die MSCI World Index en 30% van die Global Bond Benchmark.

³ Sluit surplus indeks verheffing van 0.5% soos in Maart 2010 uit.

⁴ Global Large Manager Watch

⁵ Die Investment Solutions (IS) FullVest portefeulje het vroeër gedien as die beleggingsmedium vir die kapitaalbeskermingsopsie en is in November 2004 met die IS Banker portefeulje vervang.

Hoewel sorg geneem is om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrieff korrek is, is die inligting slegs vir inligtingsdoeleindes. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van hierdie nuusbrieff aanspreeklik gehou word. Alle regte van lede word in die amptelike reëls van die fonds uiteengesit.

2. Toewysing van bydraes tot die fonds

Die lede van die fonds dra by tot aftrede volgens hulle verkose bydraekategorie. Lede kan 10%, 12.5%, 15%, 17.5% of 20% van pensioendraende vergoeding bydra, buiten die bydraes wat gemaak word tot die eggenoot en kinders se pensioene en ongeskiktheidsdekking.

Die toewysing tot die fonds en ongeskiktheidskema op 1 Januarie 2011 was soos volg:

Toewysing van lid se bydraes					
Totale bydrae per kategorie	11.13%	13.63%	16.13%	18.63%	21.13%
Min: Ongeskiktheidspremie	0.25%	0.25%	0.25%	0.25%	0.25%
Min: Premie vir eggenoot- en kinderpensioen	0.88%	0.88%	0.88%	0.88%	0.88%
Min: Administratiewe koste	0.35%	0.35%	0.35%	0.35%	0.35%
Bydrae tot aftrede	9.65%	12.15%	14.65%	17.15%	19.65%

Let asseblief daarop dat werknemers ook bydra tot aparte eggenotedekking and aparte lewensversekering wat nie deur die fonds verskaf word nie en ook nie hier gewys word nie.

3. Die tussenin-geslag

'n Onlangse opname het getoon dat meer as 20% van Suid-Afrikaners hulle kinders en hulle ouers moet ondersteun. Omdat baie mense eers later in hulle lewe kinders kry, kom hulle dikwels in 'n situasie waar hulle kinders nog van hulle afhanklik is, terwyl hulle eie ouers op hulle oudag meer versorging benodig.

Suid-Afrikaners wat beide hulle ouers en hulle kinders ondersteun vorm deel van die tussenin-geslag (*sandwich generation*). Hierdie geslag moet hulle gordels intrek as gevolg van 'n langer lewensverwagting, wat beteken dat hulle vir langer na hulle ouers moet omsien terwyl hulle kinders ook vir langer in die huis bly.

Stel uself voorop

As u deel vorm van hierdie generasie is dit belangrik dat spaar vir u aftrede 'n prioriteit is en dat u moeite doen om geld opsy te sit en in u eie aftrede te belê. U moet in gedagte hou dat u dalk u ouers en/of u kinders tot in u aftrede sal moet ondersteun.

Vra raad van 'n professionele finansiële adviseur om u met u beplanning vir u aftrede te help en wat seker kan maak dat u genoeg geld bêre. Moenie u aftrede soos 'n bankrekening hanteer nie. As u uit 'n fonds tree voor aftrede, plaas u spaargeld oor in 'n aftree-annuïteit, u nuwe werkgewer se fonds of in 'n bewaringsfonds.

Bron: *Fin24*

4. Veranderings aan reëls

Elke aftreefonds se stel reëls moet by die Registrateur van Pensioenfondse (FDR) geregistreer word en deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) goedgekeur word. Veranderinge aan hierdie reëls moet ook met die Registrateur van Pensioenfondse geregistreer word en deur SAID goedgekeur word.

Die volgende twee veranderings aan die reëls is in die afgelope jaar aan die FDR en die SAID voorgelê:

No	Doel	Effektiewe datum	Goedgekeur: FSB	Goedgekeur: SARS
6	<ul style="list-style-type: none">Om te spesifiseer dat Lede-trustees vanuit volle lede van die fonds verkies sal word.Om aan te dui dat die Raad van Trustees voort kan gaan met hulle pligte, nieteenstaande 'n tydelike vakante posisie op die raad, met dien verstande dat daar 'n kworum is.	1 Junie 2010	19 Jan 2011	Goedkeuring word afgewag

Die reëls kan by die fonds se geregistreerde adres besigtig word.

Hoewel sorg geneem is om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrief korrek is, is die inligting slegs vir inligtingsdoeleindes. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van hierdie nuusbrief aanspreeklik gehou word. Alle regte van lede word in die amptelike reëls van die fonds uiteengesit.

5. AF Online

Lede word weereens aan AF Online herinner. AF Online is 'n interaktiewe webgebaseerde finansiële portaal tot die fonds wat 'n magdom van inligting verskaf om u op die pad na finansiële sekuriteite te lei en help. Onder die onderwerpe wat gedek word, is:

- Beleggings
- Persoonlike finansiële beplanning
- Finansiële gereedskap en berekenaars
- Motor- en huishoudelike versekering



Dit is moontlik om via die AF Online webblad, www.afonline.co.za, aanlyn op datum te bly met u beleggingsinligting en fondsvoordele.

Voordat u vir die eerste keer inteken, sal u gevra word om te registreer. Die registrasieproses word duidelik op die webblad uitgestippel. Ná u suksesvolle registrasie sal u 'n gebruikersnaam en wagwoord ontvang waarmee u kan aanteken. U kan ook die Alexander Forbes Inbelsentrum by 0860 103 871 kontak vir bystand.

6. 'n Nuwe finansiële begin

Word vanjaar finansiële slim deur ons top tien begrotingswenke te volg:

- 1. Staar die werklikheid in die oë**
Bereken presies hoeveel geld u oorhet ná al u vaste maandelikse uitgawes – soos huur of verbandpaaierement, heffings, munisipale belasting, water en elektrisiteit en klererekeninge – betaal is.
- 2. Hou op om te vermy**
Baie mense wil nie 'n begroting opstel nie omdat hulle bang is om die werklikheid van hulle finansies in die oog te kyk. Feite is dat u probleme het as u inkomste nie by u leefstyl hou nie. Erken dit aan uself en kyk wat u kan doen om dit reg te maak.
- 3. Hou rekord van alles**
Skryf elke sent neer wat u uitgee – wees doodeerlik met uself. Doen dit vir 'n week of twee (selfs vir 'n hele maand) om u te help om u bestedingsgewoontes te verstaan sodat u 'n goeie idee het van waar u kan bespaar.
- 4. Begryp die verskil tussen behoeftes en begeertes**
Indien u 'n nuwe finansiële begin nodig het, is een van die belangrikste dinge om eerlik te wees oor u behoeftes en begeertes. U wil 'n nuwe paar skoene hê, of die jongste selfoon, maar het u dit werklik nodig? Maak 'n lys van al u uitgawes, met die noodsaaklikhede boaan en die lekkergoed onderaan. Betaal eerder u skuld af of spaar geld as om die goed aan die onderkant van die lys te koop.
- 5. Besoek 'n gekwalifiseerde finansiële beplanner**
'n Professionele persoon kan u help om u finansies te bestuur en ook u en u gesien help om julle finansiële situasie te assesser, die risiko's te identifiseer wat bestuur moet word (soos lewensversekering), u raadgee oor die geskikste beleggings vir u, en optree as 'n afrigter wat u help om op u finansiële strategie gefokus te bly.
- 6. Moenie toelaat dat skuld u vernietig nie**
Indien u groot skuld het, moet u oorweeg om 'n geregistreerde skuldberader te spreek wat – ingevolge die Nasionale Kredietwet – met u krediteure kan onderhandel vir kleiner terugbetalings en u teen verdere regsaksie soos dagvaardings, vonnisse en herinbesitneming kan beskerm.
- 7. Beplan saam met u eggenoot/eggenote**
As u in 'n verhouding is, moet u finansiële beplanning saam met u eggenoot/eggenote onderneem. Julle moet as 'n span saamwerk.
- 8. Werk u begroting gereeld by**
U finansies is nooit staties nie. Inflasie verander, u mag 'n verhoging kry, en noodgevalle kan u beplande begroting in die wiele ry. Werk dus u begroting, en u dinkgewoontes, dienooreenkomstig by.
- 9. Skaal af**
Indien u elke maand meer uitgee as wat u verdien, moet u dit moontlik oorweeg om af te skaal. Dalk kan u goedkoper verblyf vind, of 'n goedkoper voertuig koop, of terugskyn op klein luukse soos handelsnaam skoonheidsmiddels of gereelde cappucino's en wegneemetes.
- 10. Bly daaraan getrou**
Net soos Nuwejaarsvoornemens werk 'n begroting net indien u daarby hou. Indien u die pad byster raak, is dit belangrik om te stop, te kyk, te korrigeer en aksie te neem. Met ander woorde, gaan terug na u plan sodra u daarvan bewus word dat u die pad byster geraak het.

7. Voordeelstate soos op 31 Desember 2010

Saam met hierdie nuusbrieff het u u jaarlikse voordeelstaat ontvang wat besonderhede verskaf van die bydraes wat namens u aan die fonds betaal is, en die waardes van u uitdienstredings-, sterfte-, ongeskiktheids- en aftreevoordele is op die datum van die staat. Lees asseblief noukeurig deur u staat en kontak Robert van Staden (rwvs@sun.ac.za) indien enige veranderinge aangebring moet word. Dit is BAIE BELANGRIK dat u die benoemingsvorm vir begunstigdes bywerk elke keer wanneer u lewensomstandighede verander, soos met 'n huwelik of die geboorte van 'n kind. Verskaf altyd volledige kontakbesonderhede van u begunstigdes. As dit nie gedoen word nie kan uitbetaling vertraag word. 'n Benoemingsvorm vir begunstigdes is op die MH-webblad beskikbaar: <http://www0.sun.ac.za/hr/afrikaans/mh-vorms.php#usaf>

8. Hoe om 'n vals e-pos te herken

Vir baie van ons het tegnologie en die internet ons persoonlike banksake baie makliker gemaak. Die tegnologie het egter ook 'n mark vir bedrog en diefstal geskep. Baie mense het ongelukkig al in die bedroglokval geval deur op vals e-posse te reageer wat lyk asof hulle van hulle bank afkomstig is. Hierdie soorte e-posse moedig u aan om u bankbesonderhede of wagwoord in te tik. Hierdie inligting gaan dan direk aan die misdadiger, wat dit wil gebruik om geld uit u rekening te neem.

Hier is 'n paar wenke wat u sal help om 'n vals e-pos te identifiseer. Die maklikste manier om 'n vals e-pos te herken is op grond van al die aanduidings dat die e-pos 'baie dringend' is. Die meeste vals e-posse bevat die woorde 'dringend' of 'vir onmiddellike aandag'. Vals e-posse vra ook gewoonlik vir persoonlike inligting, soos wagwoorde of bankrekeningnommers. **U bank sal u nooit vra om hierdie tipe inligting elektronies aan hulle te verskaf nie.** Om te verseker dat u u inligting stuur, sê die vals e-posse dat die bank u identiteit moet verifieer of dat u internetsekuriteit deurbreek is. Hierdie e-posse bevat gewoonlik 'n skakel wat u aangemoedig om daarop te klik. Wanneer u op hierdie skakel klik, neem dit u na 'n webblad wat verbasend baie soos u bank s'n lyk. Die meeste mense kom nie agter dat dit nie die amptelike webblad van die bank is nie. **Moet nooit op skakels in 'n e-pos klik wat vir persoonlike inligting vra nie.**

Hier is wat u moet weet:

- **Banke sal nooit u rekeningbesonderhede of aantekeninligting per e-pos aanvra nie.**
- As u nie die sender van 'n e-pos ken nie, vee dit eenvoudig uit.
- As u nie die bron van 'n aanhegting, skakel of lêer ken nie, moet u dit ook uitvee, want sommige phisvang-e-posse sit 'n Trojaanse program op u rekenaar sodra u op die skakel klik.
- 'n Boodskap van 'n gevestigde maatskappy waarmee u min sake doen, sal selde 'n skakel binne die e-pos boodskap bevat. Dit sal u vra om in u rekening aan te teken, nie vra dat u op 'n skakel klik nie.

'n Trojaanse program sal begin om elke slag wat u op u sleutelbord maak, op te neem en dit dan te stuur aan die swendelaars, wat sal probeer om u bankrekeningnummer, pinnummer en wagwoord te bespeur.

Volg hierdie wenke om phisvang te vermy

- Verkry toegang tot u internetbanksessie deur die webadres met die hand in u blaaiër in te tik en dan op die aantekenikoon te klik.
- Hou u aantekeninligting veilig (rekeningnummer, gebruikernommer en alle pinnummers). Hierdie inligting moet ook nie in u kantoor rondlê nie.
- Maak seker dat u die 'slot' ikoon óf boaan óf onderaan die blaaiërvenster sien, afhange van u blaaiër.
- Installeer die jongste antivirusprogram en werk dit gereeld by. Banke bied gratis sagteware aan hulle kliënte.
- Moenie in openbare plekke soos kuberkafees of lughawens u banksake doen nie.
- Verskaf u kredietkaartbesonderhede slegs aan agtenswaardige maatskappye. Soek altyd die slot en sleutel ikoon en sekuriteitsertifikate wanneer u aanlyn inkopies doen.
- Verander u pinnummer en wagwoord op 'n gereelde basis.

Bron: *M&G SmartMoney Newsletter*

9. Besoek van die Raad op Finansiële Dienste

Die Raad op Finansiële Dienste (RFD) het op 25 Maart 2010 'n vergadering met die Universiteit Stellenbosch Aftredefonds gehou as deel van 'n poging deur die RFD om met die groot fondse waarvoor hulle toesig hou, kennis te maak. Die vergadering was baie positief. Die RFD het hulle algemene goedkeur uitgespreek oor die manier waarop die fonds bestuur word. Die vernaamste verandering wat gevolg het op hulle besoek was dat Lede-trustees in die vervolg vanuit die algehele lidmaatskap verkies sal word, eerder as deur personeelverenigings.

Hoewel sorg geneem is om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrieff korrek is, is die inligting slegs vir inligtingsdoeleindes. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van hierdie nuusbrieff aanspreeklik gehou word. Alle regte van lede word in die amptelike reëls van die fonds uiteengesit.

10. Bestuur van die fonds

Elke aftreefonds word deur 'n raad van trustees beheer. Die trustees wat deur die werkgewer aangestel is, is deur die Universiteit Stellenbosch aangestel en die trustees wat deur die lede aangestel is, is deur die lede van die fonds verkies tydens 'n verkiesing wat in November 2010 gehou is.

Die volgende individue dien tans op die Raad van Trustees van die fonds:

Trustees deur werkgewer aangestel	Prof JU de Villiers Mnr J Fouché Prof JD Krige Prof JF Smith Prof L van Huyssteen
Trustees deur lede aangestel	Me G Arangies Mnr L Burrows Prof E Calitz Mnr PW Kloppers Prof J van Rooyen
Hoofbeampte	Mnr J Kotzé
Voorsitter	Mnr J Fouché

Die raad betuig ook sy dank aan mnr MC de Jongh, wat tot 7 Desember 2010 as 'n lid gedien het.

11. Die fonds se diensverskaffers

Die trustees het verskeie diensverskaffers aangestel om seker te maak dat die fonds op die beste manier moontlik bestuur word.

Die diensverskaffers van die fonds is soos volg:

Diens	Verskaffer	Opsomming van funksie
Aktuarisse en konsultante	Alexander Forbes Finansiële Dienste	Om die trustees te help en te lei in die bestuur van die fonds en om nakoming van aftreefondswetgewing te verseker. Om die finansiële posisie van die fonds te ondersoek en daarvoor verslag te doen.
Administrateurs	Alexander Forbes Finansiële Dienste	Lopende rekordhouding, belê van bydraes, uitreiking van voordelestate en betaling van voordele.
Ouditeure	PriceWaterhouseCoopers	Om die jaarlikse oudit van die fonds se rekenings uit te voer en verslag te doen oor sekere vereistes soos deur die Registrateur van Pensioenfondse bepaal.
Bankiers	Standard Bank	Dit is die bank waar die fonds sy rekenings het, waaruit en waarin fondsgelde betaal word.
Versekerars	Capital Alliance, Old Mutual & Sanlam	Om groeplewensversekering en permanente gesondheidsversekering (sterfte- en ongeskiktheidsvoordele) te verskaf.
Beleggingsbestuurders	Allan Gray, Coronation, Foord, Prudential & Investment Solutions	Om die fonds se bates volgens die mandaat wat deur die trustees uiteengesit is, te bestuur.

12. Belangrike kontakbesonderhede

<i>MH-departement</i>	<i>Fondskonsultant</i>	<i>Pensioenfondsberegter (PFB)</i>
Japie Kotzé Tel.: 021 808 2754 Faks: 021 808 4983 E-pos: jjsk@sun.ac.za EN	Theo van Wyk Tel.: 021 809 3723 Faks: 021 809 2898 E-pos: vanwykt@forbes.co.za	2 ^{de} Verdieping, Sandown House Sandton Close 2 Sandton 2196 E-pos: enquiries-jhb@pfa.org.za
Robert van Staden Tel.: 021 808 4822 Faks: 021 808 2484 E-pos: rwvs@sun.ac.za		Lede mag die PFB nader indien hulle klagtes nie voldoende deur die fonds hanteer word nie. Raadpleeg die PFB se webblad (www.pfa.org.za) vir besonderhede en vir die omstandighede waaronder 'n klag ingedien mag word.

Alle eise of fondsnavae moet via die MH-departement gedoen word.